DIE NUWE HERVORMINGSNETWERKDWALING EN VERWANTE AANGELEENTHEDE

GERRIE MALAN

Onlangs het ’n vriend die mening uitgespreek dat daar mense kan wees wat uit die onderwerpe waaroor ek skryf die persepsie kan vorm dat ek deel van Suid-Afrika se sogenaamde Nuwe Hervormingsnetwerk is. Dit is egter geensins die geval nie. Ek neem dus graag sy voorstel dat ek my posisie teenoor hulle op my webtuiste omskryf hiermee op.

Ter aanvang wil ek onderstreep dat ek nie een van die Nuwe Hervormingsnetwerk se leierskorps persoonlik ken nie. Terwyl ek nie graag name noem in my bespreking nie, is dit soms wel nodig. Waar ek dit doen, wil ek onderstreep dat my standpunte nie enige refleksie op so ’n persoon se menswees is nie. Nee, dit het uitsluitlik te doen met die inhoud van standpunte op die gebied van die Bybel en volgelingskap van Jesus die Christus soos dit vir ons in die Bybel geopenbaar is.

1. AGTERGROND

Ek het teen die draai van die eeu in alle erns koerantknipsels van godsdiensberiggewing, boekbesprekings en lesersbriewe uit Afrikaanse publikasies, maar veral die koerante *Beeld* en *Rapport* begin versamel. Dit was die tyd toe die UNISA teoloog, professor Sakkie Spangenberg en sy geesgenote, besondere publisiteit begin geniet het. Hierdie grootskaalse publisiteit, was totaal buite verhouding met hul getalle-aanhang in vergelyking met ander Suid-Afrikaanse kerkleiers en teoloë. Hoewel hy nie die enigste was nie, het ek dit grootliks toegeskryf aan die bevordering van hul saak deur Neels Jackson, godsdiensverslaggewer by hierdie koerante. My persepsie was dat hy soos ’n skriba en pleitbesorger vir hul saak opgetree het.

Spangenberg, teoloog aan die Universiteit van Suid-Afrika en toe nog ’n proponent in die NG Kerk, het die publiek stelselmatig met idees begin voer soos dat:

- Hy/hulle “Bybelwetenskaplikes” is;
- Predikante hul gemeentelede in die duister hou oor nuwe kennis wat uit die wetenskaplike denke en ontdekkings voortspruit;
- Die Bybel bloot ’n boek van mites en godsdienstige volksverhale is, nie die Woord van God nie, maar net ’n basisdokument vir geloof;
- Hy nie in die opstanding van Jesus glo nie, omdat sulke dinge nie in sy beleweniswêreld gebeur nie (dus ook wonderwerke);
- Mense wat die waarheid soek die Jesus Seminar en Duitse teoloë soos Dorothee Solle se materiaal moet begin lees.

Ek het bepaalde uitsprake van Spangenberg en andere ’n paar keer in koerante se lesersbrieweafdeling opgeneem. Soos egter verwag kon word, is nie al my briewe gepubliseer nie en is minstens een sodanig geredigeer dat dit gelyk het asof ek geen idee gehad het van wat ’n kuratorium

was nie. In een van Spangenberg se antwoorde het hy my daarop gewys ek moet verstaan dat die akademiese wêreld op 'n veel hoër denkvlak beweeg as ons gewone mense. Die implikasie was dat ouens soos ek verstaanbaar maar moeilik hul hoë "waarheidsdenkvermoëns" sal begryp. In 'n Neels Jacksonberig het een NGK dominee (van die NG gemeente waarvan Spangenberg toe nog 'n lidmaat was) beweer ek weet nie waarvan ek praat nie omdat ek nie insae in hul dokumente gehad het nie. My antwoord waarin ek 'n lys koerantberigte gee as die **openbare bronne** ter ondersteuning van my standpunte is doodgewoon nie deur die koerant gepubliseer nie.

Die Nuwe Hervormingsnetwerk is mettertyd gestig en in die woorde van Hansie Wolmarans was almal welkom. In teenstelling met kerkbesoek, was mense ook welkom om hul brein saam te bring. Professor Spangenberg en ander het hul lidmaatskap van die onderskeie Gereformeerde denominasies opgesê.

Ek het persoonlik ook sedert 1996, maar veral van 2004 af radikale aanpassings in my Bybelverstaan ondergaan. Sommige van my kopskuiwe was pynlik – op my webwerf (www.hoseaconnection.org) is 'n blogartikel getiteld *It's Painful when doctrines tumble*, waarin 'n oorsig gegee word van die pad wat my eggenote en ek geloop het. Dit is natuurlik aansluitend by ons reis uit die NGK, deur die Pinkster en Charismatiese omgewings tot waar ons vandag is, losgemaak van denominasiekettings. Ons proses het as grondslag gehad dat die Bybel ons primêre bron is en nie die geskrifte van andere nie. Daarby het korrekte en onverfilosofeerde konteks ons strewe geword. Wanneer ons 'n bepaalde verstaan van 'n onderwerp geformuleer het, het ons in ou en antieke geskrifte gaan soek om ons verstaan ook daaraan te toets. 'n Belangrike rede daarvoor was en is steeds om ook te bepaal in welke mate, indien enige, teoloë en ander uit die vorige eeue dieselfde verstaan van bybelse aspekte gedeel het. Ek noem hierdie bloot om te onderstreep dat ek myself ook moes rig om my ou tradisiekennis eenkant toe te skuif en te heroorweeg. **Die vrae van belang is immers, wat is die waarheid, en daarby saam, maak die waarheid saak?** Soos James Russel Lowell dit by geleentheid treffend gestel het: "The foolish and the dead alone never change their opinion."

Twee belangrike vrae: Wat is die waarheid, en daarnaas, maak die waarheid saak?

In die proses het ons literatuur van gerespekteerde en bekende teoloë deur die eeue gevind wat mens nie in die boekelyste of kurrikula van populêre Bybelskole vind nie. Dit was interessant om te sien hoeveel van hierdie ou skrywers se sienings ons s'n bevestig het. Nogtans het ons deurentyd bereid gebly om ook ander se sienings te lees en teen die Bybel op te weeg. Wat kommerwekkend is, is die feit dat hierdie skrywers soos John Lightfoot, Alexander Brown, Ephraim Currier, John Nisbett, Milton Terry en Samuel Lee, om maar net 'n paar te noem, se besprekings so wyd verswyg is (en steeds verswyg word) in die institusionele en akademiese kerkomgewings. Daar is geen ander verklaring as dat dit gedoen word om bepaalde populêre doktrines se fondasies te beskerm nie.

2. DIE JESUS SEMINAR EN HUL SOGENAAMDE "LOST GOSPEL Q" EN DIE "Q GEMEENSKAP"

Die Jesus Seminar is in 1985 deur ene Robert Funk gestig en het uit ongeveer 150 "scholars" bestaan. Onder meer het hulle gefokus op die "historiese Jesus" en het onder meer bronne geskep wat dan glo hierdie historiese Jesus se ware woorde sou weergee. Hul "wetenskaplike" (sic) besluitnemingsproses het onder meer daaruit bestaan dat hulle gestem het oor die opgetekende woorde van Jesus in die vier Evangelies. Een van hul lede was Dr. Robert Price, 'n Amerikaanse Nuwe Testamentikus. In 'n artikel in my rekord beweer hy selfs dat Jesus en Superboy een gemeenskaplike kenmerk deel – hulle is albei mites. Dit is nou die soort "wetenskaplike" wat deel van hul prosesse was. Hulle probeer ook veral hard om Paulus as 'n bedrieër en sy sendbriewe as bedrogspul voor te hou.

Een van die bronne wat uit hul werk voortgekom het, was 'n boek, *The Lost Gospel Q*, onder die redakteurskap van Marcus Borg. Ek het in 2002 'n kopie by 'n tweedehandse boekwinkel in Underberg, Kwazulu-Natal, gekoop, destyds nog onbewus van wat ek regtig gekoop het, maar het dit in 2007 vernietig ter beskerming van veral my kleinkinders.

Op die internasionale boekhandelaar Amazon.com se webwerf word die boek soos volg aangeprys: "Die beeld van die historiese Jesus neem vorm aan in die woorde van *The Lost Gospel Q*. Hierdie boek verteenwoordig die heel eerste Evangelie, ouer as die tradisionele Evangelies en geskryf deur Jesus se tydsgenote. Dit bewaar Jesus se oorspronklike woorde – die Bergrede, Saligsprekinge, die Ons Vader, gelykenisse, en sy raad vir 'n barmhartige lewe. Die oorspronklike van die Q Evangelie was vir 2000 jaar verlore, maar die afgelope 150 jaar het historici en teoloë deur die vele lae van die Nuwe Testament gegrawe om die oorspronklike Evangelie te ontbloot" (my vertaling). Voorwaar 'n groot aanspraak gegewe die bedenklike "wetenskaplike" proses wat gevolg is om te bepaal watter woorde konsuis waarlik Jesus s'n was.

Ben Witherington (2007:205), 'n gerespekteerde Bybelhistorikus onderstreep dat 'n mens nêrens in die Nuwe Testamentiese boeke 'n verteenwoordiger van 'n sogenaamde Q-gemeenskap aantref nie. Dit bly 'n **denkbeeldige gemeenskap** wat dan 'n reeks sogenaamde Q-gesegdes sou opgestel het. Selfs al was daar 'n Q-dokument ('n versameling gesegdes van Jesus) is daar hoegenaamd geen historiese bewyse dat so iets die volle Christologie of eskatologie van die opstellers verteenwoordig het nie.

Die waarheid omtrent die Jesus Seminar sê natuurlik veel van die "wetenskaplikheid" van hul metodes en resultate.

Spangenberg en genote is ywerige aanhangers van die Jesus Seminar wat in 2006 opgehou het om as formele organisasie voort te bestaan na die stigter se dood in 2005. Hul idees en filosofieë word egter nog steeds hier in SA deur Spangenberg en sy geesgenote verkondig. Nogtans kan ek nie anders as om met 'n wrang glimlag op te merk dat hierdie internasionale "Bybelwetenskaplike" beweging kwalik die ouderdom van 20 jaar kon haal teenoor die 2000 jaar van die sogenaamde mensgeskepte en "vals Jesusbeweging" in hul oë.

3. Die Evangelies van Thomas en Judas

Kyk mens na die bronne wat dikwels voorgehou word, val die voorkoms van pseudonimiteit op – die gebruik van onbekende persone in ŉ latere era wat voorgegee het hul geskrifte kom uit die pen van vroeëre bekendes. Die Evangelies van Judas en Thomas is twee sulke geskrifte. Pseudo beteken natuurlik 'vals' en dit behoort die waarheidsoeker reeds tot versigtigheid vermaan (wat natuurlik nie beteken daar is geen relatiewe waarde in die inhoud nie). ŉ Ander eienskap van sulke geskrifte is hul Gnostiese inslag. Gnostiek (of Gnostisisme) is veral bekend as ŉ tweede (tot vierde eeuse) godsdiensbenadering wat verkondig het dat die "redding" wat Christene verkondig, slegs deur geheime kennis bekom kon word. Hulle het ook verkondig dat die materiële wêreld inherent boos is en slegs die gees goed (Zavada: 2015).

Pseudonimititeit was nie ŉ aanvaarbare praktyk van die vroeë-eeuse era nie. Dit is inderdaad as moreel veragtelik beskou as dit geïdentifiseer is. In vandag se akademiese omgewing word die Evangelie van Thomas dan ook wyd aanvaar as ŉ geskrif uit die tweede eeu wat gebaseer is op ŉ vroeëre evangelie of selfs Paulus se werke. Die gedagte dat dit deur iemand uit Jesus se dissipelbinnekring geskryf is, word wêreldwyd verwerp, behalwe vir ŉ besliste minderheidsmening (Witherington, 2007:8, 10).

Die Bybelse Skrif wys ondubbelsinnig dat die Christendom nie ŉ beweging is/was wat deur geskrifte geskep en gedryf is nie, maar deur mondelinge proklamasie in ŉ oorwegend mondelinge kultuur. Dit het uitgebrei deur persoonlike kontak en die uitbou van verhoudings – inderdaad die skep van gemeenskap (Witherington, 2007:11).

Diegene wat die Bybel as waarheidsbron probeer afkraak, gryp gretig pseudogeskrifte aan om mense mee te mislei.

Diegene wie se agenda bestaan uit pogings om die Bybel as waarheidsbron af te maak, gryp natuurlik gretig die pseudogeskrifte met albei hande aan. Dan hemel hulle die "wetenskaplikheid" daarvan op om indruk te maak. Ongelukkig is daar mense wat hulle op dié manier laat mislei.

Ek gaan akkoord met Witherington se siening (2007:250) dat daar geen ondersteuning vir die Evangelie van Thomas in Paulus se briewe bestaan nie. Dit wys egter wat gebeur as Jesus se leringe uit hul Hebreeuse konteks gehaal en met ŉ tweede eeuse nuanse beklee word. My eie studie oor die afgelope jare het my oortuig dat die verwydering van Jesus of andere van die apostels se tyd se leringe uit die Hebreeuse kultuur en eskatologiese omgewing (van die apostels se geslag), inderdaad die waarheidswaarde daarvan soos dit deur die oorspronklike gehore of lesers verstaan sou word, tot niet maak. Die populêre eindtydverdraaiings van die moderne era (of soos Spangenberg-hulle dit wil hê, post-moderne era) is sprekende bewys daarvan.

In Sy Groot Opdrag aan die apostels het Jesus gesê hulle moet dissipels van die nasies maak en hulle leer om alles te onderhou wat Hy hulle beveel het. In Handelinge 2 lees mens weer dat daar daagliks van huis tot huis byeengekom is en dat hulle volhard het in die leer van die apostels. Die

sogenaamde Evangelie van Thomas wat daarop aanspraak maak om "geheime woorde" van Jesus te wees, is totaal teenstrydig daarmee. Paulus se vervloekingsuitspraak in Galasiërs 1:8 oor ander evangelies as dié wat hy en sy medewerkers aan hulle verkondig het, selfs al sou 'n engel sodanige evangelie verkondig, bots eweneens daarmee. Dit laat mens egter verstaan hoekom die aftakeling van Paulus so belangrik is vir groepe in die Gnostiese kampe.

4. HISTORISITEIT EN WAARHEID

Een van die dinge wat aangewend word om die Bybelse waarheid en egtheid te verdraai en af te breek, is om geskiedenis te herskryf met meer 'aanvaarbare' inhoud. Deur verskillende nuanses van die waarheid toe te laat, word die Christendom glo meer aanvaarbaar gemaak. Sodoende word die Bybel dan inderdaad net nog 'n basisdokument vir geloof (vertroue) soos Spangenberg inderdaad verklaar het. Hoe sou 'n mens wat dít glo dan fout kan vind daarmee as 'n Nederlandse Gereformeerde denominasie goedkeur dat 'n uitgesproke ateïs maar predikant in hul groep mag bly? Dit herinner my ook aan die uitspraak van 'n jong man wat aan 'n Suid-Afrikaanse gemeente van 'n Gereformeerde denominasie verbonde is (was?), dat God bloot iets is wat in 'n mens se kop gebeur.

Ek stem met Witherington saam dat historiese waarheid eerder in ou bronne en tradisies te vind is as in nuweres. Historiese waarheid is veel eerder te vind in ouer bronne en ouer tradisies wat die indringende bestudering en toets van die tye deurstaan het. Die geskrifte in die Nuwe Testament is nie die produkte van 'n latere, nie-ooggetuie geslag nie. Hulle is ook nie geskryf in reaksie op een of ander sogenaamde vroeëre "verlore Christendom" nie (2007:3).

- Neem byvoorbeeld die Suid-Afrikaanse Angus Buchan-fenomeen, synde 'n fundamentalis in die oë van baie "post-moderne" akademici. Geen teoloog of predikant in SA het al soveel mense na hul kerklike byeenkomste getrek nie – nie eers naastenby nie en ongeag die korrektheid van sy doktrine al dan nie. Daarom gaan diesulkes dikwels uit hul pad om 'n "ware Christendom" te probeer skep en aan te bied wat so ver moontlik verwyderd is van die "fundamentalistiese" lering wat hulle sien. Hulle skep idees wat hulleself gemakliker laat voel. Ek dink hier weer bv. aan uitsprake dat Bybelse waarheid relatief is en mense dus verskillende nuanses van die waarheid moet toelaat (aangesien dit sal help dat uiteenlopende mense in die Christendom tuis kan voel).

5. SLOTGEDAGTES

Op die pad wat ek deur die institusionele kerkomgewing geloop het, kan ek met die terugkykslag sê dat ek oral Bybelse waarheid beleef en geleer het, maar ook ongelukkig die tekortkominge, oordrywings en verdraaiings in sowel die prediking van die Bybel as in praktiese aktiwiteite. Baie daarvan was daaraan te wyte dat die eenvoud van die ware Evangelieboodskap tot ingewikkelde konsepte en beelde verfilosofeer is. Dit het my tot die besef laat kom dat ek self verant-

woordelikheid moet neem vir Bybelstudie wat gerig moet word op 'n soeke na die waarheid en nie om bevestigings vir my tradisies te kry nie.

Die Bybel is die primêre bron in die teenwoordigheid van enige ander bron.

Ek vertrou dat ek en Martie, my vrou en medestudent/skrywer 'n paar stukkies literatuur uit ons ondervindinge en studie kon skep wat ander soekers kan stimuleer. **Die Bybel is die primêre bron in die teenwoordigheid van enige ander bron**. Spangenberg en kie se "wetenskaplike insigte" het hulle van die Bybelse waarheid vervreem en is die spreekwoordelike baba saam met die badwater uitgegooi. In teenstelling daarmee het my en Martie se studie ons net meer as ooit van die Bybelse waarheid oortuig. Die belangrike voorwaarde in eerlike Bybelstudie sal altyd die lees daarvan in die korrekte, en dus oorspronklike, konteks wees.

Miskien is die verskil tussen ons en die Nuwe Hervormingsnetwerk se mense opgesluit in Spangenberg se woorde oor die opstanding van Jesus van Nasaret – dat hy dit nie kan glo nie, omdat sulke dinge nie in sy beleweniswêreld gebeur nie. In my geval kan ek blaaie en blaaie vol van belewenisherinneringe skryf waarvan baie nie deur die natuurwetenskappe verklaar kan word nie. Op 'n mannebyeenkoms in Pretoria wat ek bygewoon het (laat 90s of vroeg in die nuwe eeu), het Dr. Louw Alberts, 'n bekende Suid-Afrikaanse wetenskaplike verklaar dat mens vantevore gesukkel het om 'n wetenskaplike te vind wat in Jesus Christus geglo het. Teen daardie tyd egter, het wetenskaplikes al hoe meer geglo terwyl mens volgens hom gesukkel het om 'n teoloog te vind wat so glo. Dit spreek boekdele!

Mense kan maar vir my sê wat hulle wil, maar na analogie van die mense van Samaria kan ek vanuit my hele wese verklaar: **Ek glo (vertrou) nie meer omdat iemand my vertel het nie; ek glo omdat ek Sy krag en teenwoordigheid self beleef het!**

Oral verklaar die baniere op kerkheinings dat Jesus spoedig kom. **Nee! Dis nie waar nie! Jesus is hier!**

BRONVERWYSING

Witherington, Ben III. 2007. *What Have They Done With Jesus? Beyond Strange Theories And Bad History*.Oxford: Monarch Books. (NB: Die feit dat ek grootliks hierdie bron as verwysing noem is bloot daaraan te wyte dat hy bepaalde aspekte stel soos ek daaroor voel. Dis ironies om te dink dat hy en die Amerikaanse onteoloog Bart Ehrman dieselfde mentor gehad het. Terwyl Witherington die waarheid van die Bybelse geskrifte verdedig, probeer Ehrman sy bes om die teendeel te bereik).

Zavada, J. 2015. *Gnosticism: What is Gnosticism?*
http://christianity.about.com/od/glossary/a/Gnosticism.htm

22 Julie 2015 (Hersien 15 Januarie 2017).